

Hoofstuk van die dag: Numeri 21

> *Moses het toe ’n koperslang gemaak en dit op ’n paal gesit. As iemand wat deur ’n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef. (vers 9)*

Wat maak God met mense wat mor en kla en uitvaar teen sy sorg

en liefde? Die antwoord is nogal ontstellend vir ons wat so gemaklik daarmee is dat God ons sondes genadiglik vergewe, en daarom nie te veel wroeg oor ons sonde nie. Want Num 21 wil dit uitskreeu dat God nie sonde verdra dit nie. Daarom stuur Hy giftige slange onder die Israeliete in sodat die lyke begin ophoop. En die Israeliete moes tot hulle beskaming erken dat hulle verkeerd was; dat hulle God se goedheid en sorg in sy gesig teruggegooi het. Daarom bely hulle (vers 7): “Ons het teen die Here gesondig met wat ons gesê het …”
In sy gesprek met Nikodemus (Joh 3:14-15) verwys Jesus na die koperslang en bring dit met sy kruisdood in verband. Vergifnis, sê Hy daarmee, is geen outomatiese proses nie. Die Israeliete moes opkyk na die slang om te bly lewe; ons moet in Jesus glo om die ewige lewe te kan hê.
Het jy al vandag opgekyk na Jesus?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026